



NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

February 2024

Februarie 2024

Chairman's Corner

Willem Nordeje



2024 kicked off at a brisk pace. After a good year with many highlights, we look forward to a special year. This year is also the Woodworking Association of Pretoria's 35th birthday.

The 2024 general annual meeting was concluded and was attended by 35 members. Welcome to the new members selected for management - we look forward to an exciting year. We also want to thank Corneel du Toit for his leadership as chairman during 2023.

Die werkswinkel by die Nuwe Hoop skool is vergroot en ons lede geniet die voordele wat die geleentheid bied.

Dit is 'n plesier om te rapporteer dat dit goed gaan met die Houtwerkvereniging van Pretoria se belang en beplanning. Die draaiers, kabinetmakers en kerwers voer hul planne met opgewonde energie uit.

We are currently testing audio and visual presentations during meetings, and the feedback is positive. Once we have found the appropriate solution, we will implement it.

The committee is also investigating a battery standby option for power outages during meetings, and we will provide feedback on this matter soon.

Die Tambotie is tans een van die komitee se hoogste prioriteite, en soos julle kan sien, is ons bly om te rapporteer dat die eerste uitgawe vir 2024 nou beskikbaar is.

Die komitee is ook besig om die viering vir die 35ste verjaardag van die Houtwerkvereniging van Pretoria te reël en ons sien uit daarna. Dit word geskeduleer vir Junie/Julie 2024.



2024 Management Committee




Oorspronklike HVP Embleem

Intussen is die embleem opgedateer na die huidige embleem wat die naam ook bevat, maar die oorspronklike ontwerp (die boomstam met die skaaf) vorm steeds die fokuspunt van die embleem.

Die huidige bestuur het dit goedgedink om 'n spesiale gedenk-embleem vir die 35 jarige viering te ontwerp. Gedurende die proses het dit duidelik geword dat dit voordelig / goed sal wees om die stigtingsjaar ook in die embleem te inkorporeer.

Die nuwe, amptelike embleem bevat dus nou ook die woorde "GESTIG 1989" as permanente gedeelte van die embleem:



Opgedateerde HVP Embleem

HVP 35 Jaar Viering

Embleem Opdatering

HVP Bestuurskomitee

Die Houtwerkvereniging van Pretoria is op 1 Februarie 1989 gestig, met die stigtersvergadering wat gehou was op 15 Maart 1989.

Gaan lees gerus die hele geskiedenis in die [September 2021 Tambotie](#) – baie interessante leesstof. 'n Kort uittreksel uit daardie artikel volg hier onder:

" 'n Kompetisie is destyds gehou om voorstelle vir 'n embleem te verkry. Die oorspronklike embleem van die vereniging is deur Louis van der Merwe se seun ontwerp, wie dus die wenner was. Willie hou nog steeds baie van die embleem omdat sy eenvoud."

Gedurende 2024, gaan ons verder 'n spesiale 35 Jaar "gedenk-embleem" gebruik – dit gebruik die bogenoemde opgedateerde embleem met 'n lourierkrans en die woorde "35 Jaar" onder die lourierkrans.



HVP 35 Jaar Gedenk-Embleem

Sodra 2024 verby is, word die "gewone" opgedateerde embleem dan weer gebruik.

Die bestuurskomitee is baie opgewonde oor die opgedateerde en gedenk-embleem en glo dit sal opgewondenheid oor die 35 jarige bestaan onder beide ons huidige lede, sowel as potensiële nuwe lede aanwakker.

HVP se Maandvergadering

28 Februarie 2024

Corneel du Toit

Die tweede algemene byeenkoms van 2024 het op 28 Februarie by die Nuwe Hoop Skool plaasgevind. Die byeenkoms is deur 31 lede en een besoeker bygewoon.

Tema Praatjie: Beweging in Hout / Movement in Timber

Lou Coetzer het 'n baie interessante praatjie oor "[Beweging in Hout / Movement in Timber](#)" aangebied.


The two main causes of movement in timber are:

- Moisture loss due to evaporation, and
- The structure of wood (anatomy).


Moisture Loss:

As soon as a tree is cut, the wood will start to lose moisture (and volume) until the Equilibrium Moisture content is reached – this will depend on the Relative Humidity of the area where the wood is held.

As gevolg van verskille in anatomie, sal verskillende houtsoorte se volumes verskillend verminder tydens hierdie uitdrogingsproses. Die meegaande grafiek wys bv hoe kiaat en Ysterhout verskil (Kiaat sal baie minder volume verlies toon as ysterhout en is dus baie meer stabiel):




The shrinkage occurs in 3 "directions":




- L: Lengthwise (very minimal)
- R: Radial (notable shrinkage, species dependent)
- T: Tangential (normally around double Radial shrinkage).

This difference in Radial vs Tangential shrinkage will result in radial cracks if no preventative measures are taken:



Processing of Wood:

Sawn and dried wood is necessary for cabinet work and commercially obtained wood is sawn and dried as soon as possible to prevent cracking and warping. Different saw techniques and drying options are used in the industry:



Langsgesaag / Flat sawn

Kwartgesaag / Quarter sawn


Radialgesaag / Radial sawn

Anatomie:

Die hoof gedeelte van die stam bestaan uit die Xileem – die hoof doel is om water en voeding van die wortels na die res van die boom te vervoer, en ook om strukturele sterkte te gee om die boom regop te hou.

Die Xileem bestaan uit dunwandige selle (slegs primêre selwand) en dikwandige selle (primêre + sekondêre selwand). Verskille in houtsoote is a.g.v. die variasie in die verhouding tussen dunen dikwandige selle en hulle relatiewe rangskikking in die xileem.

The two main drying techniques are air dried and kiln dried:



Air Dried



Kiln Dried

If not dried properly, various shrinkage problems can occur:




You can also find Lou's presentation on the website.

Ander

Na die breek het Willem Nordejé aangekondig dat Jan Richter ook intussen by die bestuur aangelsuit het – baie dankie Jan vir jou bereidwilligheid!

Show and Tell

Corneel du Toit showed how the volume of the two different types of wood in his chess board changed due to moisture changes:



The hard Maple (*acer saccharum*) is now much wider / thicker than the Mexican Ebony (*swartzia cubensis*). The differences can be clearly felt on the edges of the board.

Andy Sutton showed his new chisel racks with different size holes (top and bottom) to make sure that the chisels hang securely.

Cabinetmakers' Monthly Meeting

10 February 2024

Francois van Aswegen

The Cabinet Makers visited the showroom / warehouse of KDA Furniture and Lumber on Saturday 10 February in Centurion.

Pierre, the owner, provided details regarding the company. KDA has a sizable warehouse stocked with African Hardwoods and operates a furniture showroom showcasing distinctive pieces crafted by skilled furniture-makers. Typically, timber is purchased from KDA and transformed into finished products displayed for sale in their showroom. This arrangement could potentially involve a partnership agreement where WAP members are able to partake.

KDA holds concessions granted by the Zambian Government for harvesting hardwood timber in southern Zambia, which have been active for several years. The company operates a sawmill, timber extraction machinery, and drying facilities within Zambia, with Livingston serving as the closest commercial hub. They discussed the challenges associated with logging in these rural locations, and the efforts of CITES to promote a sustainable forestry industry.

KDA specializes in supplying lumber, decking, tree trunk cuts, and slabs. They cater to both bulk orders and clients needing smaller quantities. When purchasing timber, clients typically send specifications via WhatsApp. The KDA team then reviews available stock and provides a quote. Clients can inspect the timber to ensure it meets their needs before collection or delivery. KDA provides kiaat, mahogany, teak, and a limited amount of rosewood sourced from their own sawmill, offering competitive pricing.

They prioritize personal service, and the customer can walk through the KDA warehouse and choose exactly what they want. The clients of the WAP member have the opportunity to accompany them in choosing a unique slab for a tabletop. KDA don't have on-site milling machinery. However, they can arrange milling through private contractors, particularly beneficial for WAP members seeking smaller timber quantities.



Show and tell

Dylan van Graan showed his Handmade Stick Chair. He discussed the rack and splay (the angle that the chair legs are off vertical) of the legs. The legs are 8 sided while the arms and backrest were turned. Dylan offered to discuss the chair construction in greater detail at a future cabinetmakers meeting.



Dylan's Stick Chair

Draaiers Byeenkoms

24 February 2024

Jan Richter

Fotos: Hannes Jansen van Rensburg

Die tweede draaiers byeenkoms van 2024 het in die werkswinkel van die Nuwe Hoop Skool plaasgevind. Die byeenkoms is bygewoon deur 28 lede en 5 besoekers.



Poena Coetze

Poena Coetze 'n lid van die Witwaters Houtwerkvereniging het 'n demonstrasie kom gee oor binne-buite draaiwerk met 'n kinkel. Die eindproduk is 'n uitgeholde bal met in die geval, 4 uitgesnyde hartjies in die middel van die bal en spitsversierings bo en onder.




Bal met uitgesnyde hartjies en spitsversierings bo en onder. (Rekenaar simulasie)

Die ru-stuk waaruit die binne buite gedraaide item gemaak word, word opgebou uit 4 blokkies van 30x30x90 mm wat in die lengte met behulp van maskeerband of iets soortgelyks aan mekaar geplak word, om 'n kubus van 60x60x90mm te vorm. Die middel deel van die kubus word dan rond gedraai, tot 'n deursnit van 60 mm en een helfte van die hartjie (in die lengte gedeel) word in hierdie rond gemaakte gedeelte gesny.

Die las tussen twee blokkies op die een sy van die ru-stuk word dan losgesny, Die blokkies waarvan die hartjie-dele aanmekaar raak om 'n hartjie te vorm, vorm 'n paar. Elke paar word dan aanmekaar vasgeplak en uitgehol met 'n rondering van maksimum 50mm deursnit om 'n halwe uitgeholde bal te vorm. Dit verseker 'n minimum wand dikte van 5mm in die eindproduk.



Rustuk rond gemaak in die middel en hartjie vorm ingesny.



Twee blokkies wat 'n paar vorm. (Rekenaar simulasie)



'n Paar blokkies wat uitgehol is



Verskillende stadiums van die vorming van die sfeer

Nadat altwee pare uitgehol is, word hulle aan mekaar vasgeplak om weer 'n kubus van 60x60x90 mm te vorm. Elke kant van die kubus sal dan 'n hartjie in die middel hê. 'n Sfeer met punte bo en onder word dan in die middel van die kubus gedraai. Die deursnit van die sfeer sal net minder as 60mm wees. Die punte bo en onder word dan in spitsversierings gedraai. Poena gebruik 'n klembus wat hy self ontwerp en gemaak het, om die stuk vas te hou wanneer die spitsversierings gesny word.



Kubus met hartjie in die middel van elke kant

Die gehoor het die demonstrasie van Poena baie geniet. As onderwyser en later skoolhoof beskik Poena oor baie kreatiwiteit en tegniese vaardigheid. Hy maak die meeste van sy draaigereedskap en hulpmiddels self en gebruik onder ander 'n metaal-draabank hiervoor.

Dankie Poena, ons het jou demonstrasie baie geniet.

Wys en Vertel

Na Poena se demonstrasie het Braam Burger ons gewys hoe om 'n ronde skuinsbeitel met die slyp setapparaat wat Carel van der Merwe van Creative Turning verkoop, skerp te maak. Die setapparaat word gestel met 'n templaat sodat die ingeslotte hoek van die snyvlakke van die beitel 45° is. Hy gebruik saam met die slyp setapparaat 'n 3D gedrukte templaat wat verseker dat die skuinshoek van die beitel $70^\circ\text{--}72^\circ$ is. Braam het onderneem om by 'n volgende geleentheid te wys, hoe om 'n ronde skuinsbeitel te gebruik.

Braam het 'n volledige slyp setapparaat stel beskikbaar gestel om opgeveil te word en die opbrengs is aan die draaiersgroep geskenk. Baie

dankie aan Braam en aan Willem Nordeje aan wie die finale bod toegestaan is.

Draai-uitdaging

Die draaiers stuurgroep het op hulle stuurgroepvergadering besluit dat ten einde die lede aan te moedig om items vir die draai-uitdaging te bring, 3 punte toegeken sal word aan 'n lid wat 'n item bring en 'n verdere 3 punte vir die beste item, 2 punte vir die tweede beste item en 1 punt vir die derde beste item by die byeenkoms. Die punte toegeken by elke vergadering sal gebruik word om die wenner vandie jaar te bepaal en sal by die draaiers se jaar endfunksie bekend gemaak word. Hierdie initiatief het al klaar vrugte afgewerpt by die Februarie byeenkoms, waar 19 lede items gebring het en 2 lede wat nie die byeenkoms kon bywoon nie, het fotos gestuur.

Dit blyk dat die draai-uitdagings vir die byeenkoms, naamlik 'n kelkie met 'n ingesloten ring en 'n voet-masseerde groot byval gevind het. Daar was blykbaar baie navorsing gedoen op die Internet en Carel van der Merwe het ook heelwat navrae gekry oor hoe dit gedoen moet word. Die kelkies van Johann de Waal (eerste plek), Pierre le Roux (kelkie met 4 ringe – tweede plek), en Braam Burger (derde plek) het veral die aandag getrek. Ian de Wet het miniatuur kelkie en voet-masseerde gedraai.



Draai-uitdaging items



Dirk Toet se kelkie Ian de Wet se miniatuur kelkie

(Foto: Dirk Toet)

(Foto: Ian de Wet)

Lootjietafel en Braai

Die lootjietafel het weer vir die gebruiklike opwinding gesorg. Groot dankie aan Lou Coetzer wat weereens verskeie stukke gemerkte hout gebring het. Die byeenkoms is afgesluit met 'n boerewors broodjie en die besoekers het gesellig buite saam gekuier. Dankie aan Dirk Toet wat die wors gebraai het.

Die draaiers stuurgroep sien uit na die byeenkomste wat vir die res van die jaar beplan is. Bring gerus julle vriende wat ook belangstel in draaiwerk saam.


Book Review

Willem Semmelink

The WAP has an extensive library of books ranging from beginner to advanced and covers various interests within our broader groups of cabinet making, wood turning, carving etc. Some books are newer, while some show the passage of time. I do not intend to write an objective book review, as a reviewer is usually a specialist who comments on the quality of the information, and I am no specialist. You can rather see my ramblings on the books more as a 'lismaker' (appetiser) to go to the library and find the book yourself.

This month's book is:

"The Home Cabinetmaker" by Monte Burch.
Published 1981, Harper & Row.



The book has 25 chapters, divided into topics like:

- Materials. Wood, fasteners, glue, clamps
- Basic cabinetry techniques. Joints, case construction, doors, drawers, shelves, legs, veneering, plastic laminate, hardware installation, carving and moulding, glass and plexiglass.
- Finishing. Surface preparation, applying finishes.
- Projects. Dressers, desks, tables, cabinets
- The cabinetmaker's workshop. Planning, hand tools, machines, sharpening
- Millwork
- Making a career out of cabinetry
- Reference

By today's standards, the book appears old. The tools in the photos are clearly from a previous generation, and today people prefer modern techniques like pocket screws, biscuits and dominoes instead of the traditional joints.

But this is for me the beauty of this old book. It gives an oversight of the terrain of traditional cabinetry all in a single volume. I would have loved to see a chapter on design, though.

Hier volg 'n paar aanhalings wat vir my mooi was:

"It's unfortunate that the apprenticeship method of teaching such skills doesn't exist today, because the best way of learning any skill is through actual practice, at the side of a master craftsman. Knowledge, however, can also be passed on through books and articles ..." en YouTube vandag.

Hoofstuk 5 Joints

"The good adage 'a chain is only as good as its weakest link' is also true in woodworking. A

wood project is only as good as the joints holding it together". p. 71.


Hoofstuk 20, Planning a workshop

"Because of the expense involved, very few people build a workshop when just beginning to work with wood. Most folks have to grow into such a need, accumulating tools and cabinets as they progress. This often makes for a haphazardly designed, inefficient workshop. Even if you don't have all the power tools and cabinets you need at the start, it's a good idea to sit down and make a working drawing of the shop you ultimately want to have. You can then work towards that overall plan, purchasing tools or building storage cabinets and workbenches as you go along" p. 381.


Hoofstuk 23, Sharpening

"No matter how good the quality of a tool, it will eventually become useless if it is not properly cared for and sharpened". p.450

Hier is 'n paar idees uit die boek se 'Veneering' hoofstuk. Ons ken die bekende 'boek' metode waarmee twee stukke veneer se hout opgelyn word:




"Book matched" – end to end




Slip matched

Book matched



Diamond matched

4-Way book matched



Reverse rectangular diamond matched